

## **Lukas 18:9-14**

### **God begenadig die sondaar**

#### **Inleiding:**

- Gebed is een van die mees basiese maniere wat ons ons geloof uitleef.
  - Wanneer jy bid is jy in 'n direkte gesprek met God.
  - Jy kan dan eerlik en opreg met God praat en alles sê wat in jou hart is.
- Dit is 'n wonderlike voorreg om te kan bid.
  - Dit wys vir ons op die wonderlike genade dat jy as sondaar mens in jou gebrokenheid kan praat met die enigste almagtige God.
- Die realiteit is dat ons eie menslike selfsug so dikwels ons gebede dryf dat die fokus baie meer op onself val as op God wat die belangrikste persoon in ons gebede moet wees.
  - In Lukas 18 vertel Jesus die gelykenis van die fariseër en die tollenaar om vir die fariseërs en in besonder ook vir ons vanoggend uit te wys hoe ons gebede ingerig moet word sodat ons fokus eerstens op God moet wees.
    - Gebed is 'n eenvoudige manier waarop ek en jy elke oomblik van elke dag die evangelie kan beleef.
      - Daarom is die feit dat jy kan en mag bid, werklik goeie nuus.
        - Gebed verseker ons dat God die sondaar begenadig.
          - In die preek gaan ons by drie spesifieke gedagtes vanuit hierdie teks stilstaan.
            - God is genadig.
            - Ek is dié sondaar.
            - Bid, berou en bekeer.

#### **God is genadig**

- Hierdie gelykenis is een van die meer bekende gelykenisse wat Jesus vertel.
  - Voor Hom staan die groep Fariseërs en Jesus vertel hierdie gelykenis waarin die swakheid van die skrifgeleerdes uitgewys word.
    - Anders as die ander gelykenisse wat Jesus vertel, word die gelykenis hier eers verduidelik en dan word die gelykenis vertel.
    - So word die Fariseërs sommer van die begin af uitgewys op hulle sondigheid.
      - Jesus vertel dan die gelykenis van die twee manne.
        - Twee manne gaan na dieselfde plek toe, met dieselfde doel voor oë, en stap dan uit met twee uiteenlopende gevolge.
        - Die slagat waarin ons as gelowiges trap is die feit dat ons so dikwels onself in die skoene van die tollenaar sit.
          - Darem is ek nie die Fariseër nie.
          - Darem regverdig ek nie myself nie.
          - Darem erken ek ek is sondig.
            - Ons sal later by die implikasies uitkom wanneer ons so dink.
- Beide die fariseër en die tollenaar is afhanklik van God se genade.
  - Hulle het God se genade in elke aspek van hulle lewens nodig.
  - In die gebede van al twee die manne sien ons dat al twee dit nie so duidelik besef nie.
- Die Fariseër begin sy gebed deur God aan te roep, maar verder in die gebed sien ons dat dit maar net selfgesentreerd is en die eie ek baie belangriker word as die ware God.
  - Die fariseër doen sy gebed deur basies sy CV aan God voor te hou.
    - Hy vas twee keer per week.
      - Die Joodse gebruik was dat elkeen een keer per jaar moes vas op die dag van verootmoediging.
        - Hierdie man vas twee keer per week.
          - Hy vas meer as 100 keer as wat die wet voorskryf.
    - Hy gee 'n tiende van alles wat hy kry.
      - Die riglyn was dat tiendes net geheg was op sekere goedere.

- So lig die fariseër die feit uit dat hy nie net die wet van God nakom nie, maar selfs nog meer as dit.
      - Op die toets van die wet, slaag die fariseër in sy eie oë met vlieënde vaandels.
    - Hy vergelyk homself met 'n baie krom maatstaf.
      - Die egbrekers, bedrieërs, diewe en selfs dan ook die tollenaar is die maatstaf van die fariseër.
        - En weereens in sy eie oë, is hierdie 'n toets wat hy nie kan dop nie.
  - Die doel van hierdie uiteensetting van die fariseër se gebed is nie om te wys hoe sleg hy is nie, maar om ook elkeen van ons te herinner dat ons dikwels dieselfde oordeelfout maak.
    - Ons is so geneig om onself te regverdig.
      - Darem is ek nie 'n moordenaar nie.
      - Darem steel ek nie.
      - Darem is ek vandag in die kerk.
      - Darem het ek vanaand gebed voor ek gaan slaap.
        - Deur hierdie stellings te maak, regverdig ons onself, en wanneer ons dit doen erken ons dikwels sonder dat ons dit weet, dat ons nie die regverdigmaking van Christus nodig het nie.
        - En dit is juis dit wat die fariseër indirek sê.
          - Ek is goed genoeg.
          - Ek het Christus nie nodig nie.
  - Wanneer ons egter onself meet aan Christus, skiet ons baie ver tekort.
    - Ons kom nie naby aan die standaard wat God self stel nie.
      - God beveel in Lev. 19 – Wees heilig, want Ek is heilig.
        - Daar word die standaard gestel.
          - Die realiteit?
            - Nie een van ons is heilig nie.
            - Ons dop die toets.
  - Die tollenaar se gebed aande ie anderkant lyk heeltemaal anders.
    - Waar die fariseër voor in die tempel kom staan en sy hande uitsteek en opkyk, staan die tollenaar eenkant en sien nie eers kans om op te kyk nie.
      - So sien ons in die houding van die tollenaar se gebed sy berou, selfs nog voordat hy een word gesê het.

- Hy besef hy is nie volgens die standaard wat God gestel het nie.
  - Maar hy erken dat hy God nodig het vir wie God is.
    - Hy is afhanklik van God se genade.
    - Die feit dat hy eenkant staan beklemtoon die feit dat die tollenaar baie duidelik besef dat hy nie heilig is, soos wat God vereis nie.
      - Daarom het hy die genade van God so bitter nodig.
- Wanneer die tollenaar dan bid, sien ons duidelik dat hy verstaan.
  - Hy verstaan dat God genadig is, maar saam met dit verstaan hy dat hy 'n sondaar is.
  - Daarmee saam besef die tollenaar dat Christus die ware volkome offer is.
    - Deur Hom het ons vrye toegang om tot God te bid.

### **Ek is dié sondaar**

- In die kort eenvoudige gebed word daar vir ons soveel duidelik gemaak.
  - O God, wees my, sondaar, genadig.
    - As ons die gebed letterlik vertaal lyk die woordorde effe anders.
    - O God, begenadig my, dié sondaar.
- Dit is nie net 'n geval dat ons die woorde skommel nie.
  - Daar word veel meer uitgelig in die woordkeuse van die tollenaar.
- Die woord wat gebruik word vir begenadig, herinner ons aan die versoeningsoffer wat die hoëpriester in die ou testament moes bring soos wat ons lees in Lev. 16.
  - Die hoëpriester moes een keer per jaar in die allerheiligste ingaan om 'n offer te bring as versoening vir die sondes van die hele volk.
  - Die priester het buite die offer gebring deur sy hand op die voorkop van 'n bokram geplaas.
    - Hierdie teken het gedien as die oordrag van die sondes van die volk na die bok toe.
    - Die boek is dan geoffer en die priester moes die bloed invat in die allerheiligste en die bloed sprinkel op die ark.

- So is daar dan versoening gedoen vir die sondes van die volk.
- In die tollenaar se uitroep vra hy dat God hierdie hele offerstelsel van versoening sal doen, net vir homself – die tollenaar.
  - Hy verwys hier na homself basies as die enigste en grootste sondaar.
    - So sien ons hoe die tollenaar so duidelik bewus is van sy eie sonde en gebrokenheid.
- Soos wat die volk geglo het dat die offer genoeg is om versoening te doen van al hulle sondes vir die jaar, so glo die tollenaar opreg dat God hom sal begenadig vir al sy oortredinge.
  - Die tollenaar was basies 'n belastinggaarder.
    - En die beeld wat ons vandag het van die ontvanger van inkomste, het nie veel verander oor die afgelope 2000 jaar nie.
    - Die tollenaar het soms selfs op oneerlike maniere geld ingevorder vir die regering.
      - Met ander woorde, die tollenaar was 'n sondaar.
      - Die tollenaar het versoening nodig gehad.
      - Die tollenaar is afhanklik van God se genade.
- Ons sien in die tollenaar se optrede raak dat hy werklik besef wat aangaan.
  - Terwyl hy bid, slaan hy op sy bors.
    - In hierdie optrede sien ons hoe die tollenaar teenoor homself maar ook teenoor God erken hoe sondig, stukkend en gebroke hy is.
    - Hy het soveel berou en kry so skaam oor sy sonde dat hy nie eers kans sien om op te kyk nie.
      - Hy bly so ver as moontlik weg van die allerheiligste om te wys hoe onwaardig hy is om naby die teenwoordigheid van God te kom.
    - Die tollenaar besef hy verdien niks anders as die toorn en straf van God nie.
      - Hy is sondig en verdien die dood – die ewige dood.
      - Maar ons sien dan so die werk van die heilige Gees daarin dat hy werklik roep en smee vir genade.
        - Hy onderhandel nie met God om te wys hoe hy eintlik genade verdien nie.
        - Hy stort sy hele hart uit deur sy woorde en sy daade om te erken dat hy God se genade nodig het.

## **Bid, berou en bekeer**

- Die tollenaar verwys na homself as dié sondaar.
  - In hierdie gelykenis word ek en jy dan herinner dat ons eerstens sondaars is, maar dat ons daarmee saam danksy die werk van Christus, nie meer die offersisteem nodig het nie.
- Christus is die volmaakte offer aan die kruis.
  - Hy het gesterf vir 'n volkome versoening van al ons sondes.
- Daarom kan en moet ons bid.
  - Bid beteken dat ek erken en bely dat gebed die belangrikste deel is van elke gelowige se dankbaarheidslewe.
    - Dit beteken ek bid omdat ek dankbaar is vir die volkome en volledige werk van Jesus Christus.
- In my gebede moet ek met groot vrymoedigheid voor God erken en berou wys dat ek weet ek is sondig.
  - God verwag van my om heilig te wees, en ek is alles behalwe heilig.
  - Ek is sondig.
  - Ek stel myself eerste.
  - Ek vergeet dikwels van my medemens.
  - My daaglikse lewe getuig nie van liefde vir God nie.
  - Ek skeep dikwels my gebedslewe af.
- Maar ek word ook vanoggend saam met die fariseërs wat rondom Jesus staan dat ek dikwels myself regverdig.
  - Ek beseft nie altyd dat ek God en sy genade nodig het nie.
    - Daarom moet ek bekeer en beseft dat ek afhanklik van God is.
    - Ek kan nie my eie sondes vergewe nie.
    - Ek het die versoeningsoffer van Jesus Christus nodig.
- Saam met die tollenaar moet ek en jy erken – Ek is dié sondaar.
  - Ek moet werklik bekeer deur die krag van die Heilige Gees.
  - My hele lewe moet 'n dankbaarheidsantwoord wees vir die genade wat God aan my gewys het.

## **Slot:**

- Die tollenaar in hierdie gelykenis is nie die held nie.

- Hoewel ons baie by hom kan leer in ons elkeen se gebede, is die fokus nie op hom nie.
- Die fokus lê by die enigste ware offer vir al ons sondes – Jesus Christus.
- Deur die sonde het daar skeiding gekom tussen God en mens, maar deur Jesus Christus is daar ware versoening.
  - Deur hierdie versoening mag elkeen van ons met vrye toegang tot God bid.
    - Daarom is die gebed van elke gelowige 'n uitroep dat ons waarlik die goeie nuus het.